7 Desember: Sondebelydenis is genesingstyd. – Jan van der Watt

1 Joh 1:1-2:2 (fokus 1:5-10)

Die oomblik dat jy jou sonde voor die Here bely is altyd ŉ oomblik van genesing. Dit is dan dat jy sy hart weer vir jou hoor klop en sy arms die warmste om jou voel vou.

Maar waaruit bestaan sondebelydenis?

- Stap een is om jou fout (sonde) te erken. Sondebelydenis is nooit iets algemeens nie. Dit is altyd spesifiek. Daar is iets wat tussen jou en God staan wat jou verhouding met Hom bederf. Dit mag vloek, oneerlikheid, skinder, of wat ook al wees, maar dit is altyd spesifiek. En dit moet weg… en dit kan nie weg as jy dit nie erken nie.
- Stap twee is om *afskeid* te neem van daardie "ding" wat tussen jou en God staan. Dit is nie altyd maklik nie, want jy moet besluit om dit nooit weer te wil doen nie. Dit moet in jou lewe verby wees. Daardie wrok teen iemand anders moet eindig. Die gevloek of oneerlikheid moet iets van die verlede wees. En dit gaan iets van jou vra, want dit is jý wat sal moet ophou vloek of skinder.
- Die derde stap is om jou band van liefde vir die Here net weer stywer as ooit vas te bind: aan wie behoort jou lojaliteit? Wie wil jy regtig dien? Sondebelydenis is nie regtig sondebelydenis as jy nie vir die Here kies en dit diep uit jou hart vir Hom sê nie.

Sondebelydenis is die kans wat God jou gee om jou geestelike lewe weer splinternuut te maak.